

# 10 Dae Van Gebed

## DAG 7 – DIE DRIE ENGELE SE BOODSKAPPE, DIE SABBAT, EN GEBED

**"Ek sal aan hulle in my huis en binnekant my mure ‘n gedenkteken en ‘n naam gee wta beter is as seuns en dogters; ‘n ewige naam gee Ek aan hulle, wat nie uitgeroei sal word nie. En die uitlanders wat hulle by die Here aangesluit het, om Hom te dien en om die Naam van die Here iief te hê deur sy knegte te wees – elkeen wat die sabbat hou, sodat hy dit nie ontheilig nie, en hulle wat vashou aan my verbond, hulle sal Ek bring na my heilige berg, en Ek sal hulle vreugde laat smaak in my huis van gebed; hulle brandoffers en hulle slagoffers sal welgevallig wees op my altaar; want my huis sal ‘n huis van gebed genoem word vir al die volke" - Jesaja 56:5-7**

# Wat is God se Oproep aan Ons?

- Die drie engele se boodskappe roep ons om ons Skepper te aanbid. Ons het nie ontwikkel nie. Ons het nie per ongeluk gekom nie. God het ons geskape en lewe is ‘n kosbare geskenk wat van Jesus af kom.
- In ‘n wêreld van lyding  en siekte, beloof die God van die Skepping om ons “nooit te begewe of te verlaat nie” (Hebreërs 13:5)
- God roep ons om die Sabbat te onthou en dit heilig te hou. Terwyl ons op Sabbat rus, rus ons in Christus se voltooide werk namens ons (Hebreërs 4:9,10).
- Die Sabbat herinner ons ook om ons in Sy liefde  te verbly, in Sy versorging te rus, en ons te verheerlik in die Christus wat so ‘n hoë prys vir ons verlossing betaal het.
- Die Sabbat is ‘n oproep tot gebed, ‘n oproep tot lofprysing, ‘n oproep om Sy goedheid te verkondig.
- Die Sabbat wys ons terug na die Skepping, maar dit wys ons ook vooruit na die nuwe hemel en die nuwe aarde  waar ons vir ewig saam met God kan leef.
- Die Sabbat is ‘n dag van danksegging. Ons is dankbaar dat God ons geskape het en planne vir ons lewens het.

## Gebedsvoorstelle

**"Bid God se Woord " – gebruik Jesaja 56:6-7 as 'n begin vir u gebed.**

**"Selfs aan Hulle " – Ons bewonder en aanbid God want Hy het almal van ons geskape en begeer ewige samesyn met ons. God verlang om almal te red, en die weeklikse Sabbat herinner ons aan hierdie werklikheid.**

**"Elkeen wat Nie die Sabbat Ontheilig nie " – Vra Jesus om ons te vergewe want ons verbreek dikwels die Sabbat deur dit nie heilig te hou nie. Vra Hom om ons te help om die Sabbature te bewaak en Hom gedurende die Sabbat te verhoog. Mag ons God se getrouheid dwarsdeur die week op die Sabbat vier en daarvan getuig.**

**"En My Gebooie Vashou " – Ons dank Jesus vir die Sabbat wat nie slegs 'n teken en geleentheid is om Hom as ons Skepper te onthou nie,  maar wat ook 'n teken van verlossing is. Ons kan in Jesus rus want Hy hou by Sy gebodsbeloftes.**

# Voorgestelde Liedere

- **Dit is Die Werk van God (AL #66)**
- **Laat Ons Wat God Bemin (AL #435)**
- **Die Dag van Rus en Blydskap (AL #389)**
- **Kom, Gedenk die Sabbat (AK #380)**
- **Whisper a Prayer (*He is Our Song* #101)**
- **He's Able (*He is Our Song* #100)**

# Gebedsaktiwiteit : Gebedsboom



## Voorraad:

***Pluk 'n droë boomtak af met 'n paar takkies. Plant dit stewig in 'n pot en plaas dit voor in die klaskamer. Merk dit die Gebedsboom.**
**Kleur patrone van hande in met gattjies daarin gepons aan die een kant.**
***Balpenne of potlode**

**Vra elke kind om op die handpatroon twee dinge te skryf oor die Sabbat waarvoor hulle Jesus wil dank. Laat die kinders 'n lyn deur die gate op hulle handpatrone bind en dit dan aan die Gebedsboom ophang.**

**Laat die kinders rondom die Gebedsboom staan en laat 'n paar vrywilligers bid om vir Jesus dankie te sê omdat Hy vir ons die Sabbat gegee het.**